## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Louise Greef, Ryno Jurgens, Carina Thirion, Sophia Visser. |
| **Maandag**: | Amelia Buckley, Sally Cockcroft, Fancois Robbertze, Stefan Roux, Ernest Samuel, Thedo Visser. |
| **Dinsdag:** | Viensie Beisheim, Francois de Vries, Elmarie Goosen, Marié Schmidt, Mia van Zyl. |
| **Woensdag:** | Frik de Bruin, Elsa van Niekerk. |
| **Donderdag:** | Danielle Coetzer. |
| **Vrydag:** | Jackie du Toit, BJ van der Walt, Rita Viviers. |
| **Saterdag:** | Carla Botha, Christelle Hugo, Marius Kritzinger, Petra Rademan, Francois van Rooyen. |

## Daar is nog twee Xhosa Bybels beskikbaar by die kerkkantoor teen R120 elk.

### Kategese Gr R-3

### Hulp benodig om klassies aan te bied asb.

Ons het 'n wonderlike groot groep kinders wat elke Sondag oggend voor op die mat kom sit tydens Kindertyd. Tans is die hele groep saam in een kategese klassie wat tydens die diens bymekaarkom. Ons sal graag hulle wil verdeel in twee groepe, maar daarvoor het ons meer volwassenes nodig om die klassies aan te bied. Die droom is om ten minste drie volwassenes per groep te hê, dan hoef almal nie elke Sondag aan diens te wees nie.

Oorweeg asseblief om deel van hierdie bediening te word.

*Tydens die Kerkraadsvergadering op Dinsdag, 11 Maart, is **Ernst Engelbrecht as Voorsitter van die Kerkraad verkies**. Ons bid vir jou die Here se leiding en seen op hierdie taak toe, Ernst. Mag jy die wysheid ontvang om hierdie taak te verrig met die gesindheid van Jesus Christus.*

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 16 MAART 2025**

### *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

Vandag is die tweede Sondag in Lydenstyd

| | |
|---|---|
| 09:00: | HENNIE FOUCHÉ |
| SKRIFLESING: | FILIPPENSE 2:5 - 11 |
| TEMA: | DIE VERRASSENDE UITWERKING VAN DIE JESUS-GESINDHEID |

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

**Vandag se deuroffer: Barmhartigheid aan Gemeentelede**

Ons omgee vir mekaar word o.a sigbaar deurdat ons mekaar fisies ondersteun as iemand in nood verkeer. Omdat ons nie altyd van almal bewus is nie, en omdat ons dit soms anoniem wil doen, het ons jare gelede reeds besluit om by te dra tot die fonds vir Barmhartigheid aan Gemeentelede, waaruit lidmate gehelp word. Hierdie fonds se enigste inkomste is gemeentelede wat spesifiek daarvoor bydraes maak. Vandag se deuroffer is een van die maniere waarop elkeen van ons ons liefde op hierdie manier aan mekaar kan bewys. **Die bedrag wat beskikbaar is om mense te help, het die afgelope jaar heelwat gedaal, en sal dringend versterk moet word, sodat ons in staat kan bly om hulp te verleen.** Gebruik gerus vandag se geleentheid om by te dra tot hierdie fonds.

**Volgende week se deuroffer: Bediening aan die Jode**

**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

## **PROGRAM VIR DIE WEEK**

| | | |
|---|---|---|
| **Vandag:** | | Kategese-afsluiting na die erediens |
| **Dinsdag:** | 19:00 | Drink tee / koffie saam met die dominee/s |
| | | Geen Dinsdagaand Bybelstudie |
| **Woensdag:** | 08:45 | Bybelstudie (Familiekamer) - Ester |
| | 10:00 | Bybelstudie by Huis Vonke |
| **Vrydag:** | | Menseregtedag - Kerkkantoor gesluit |
| **Sondag:** | | Geen kategese vandag |

**ONS VIER DIE EINDE VAN DIE KWARTAAL MET 'N KATEGESE KUIER**

**Alle kinders met hulle ouers is welkom**



- ◊ **16 Maart**
- ◊ In die kerktuin
- ◊ Na die erediens
- ◊ Bring jou eie piekniekmandjie
- ◊ Bring eie kampstoele en/of komberse
- ◊ Vure sal brand - indien jy ietsie wil kom braai
- ◊ 'n **GROOT** verrassing vir die kinders

## Kom drink tee / koffie saam met die dominee/s
## Dinsdagaand 18 Maart, 19:00

Die bedoeling van hierdie kwartaallikse geleentheid is om mekaar te ontmoet, en ook om vrae te vra en voorstelle te maak.
Doen gerus moeite en woon hierdie geleentheid by.

## VETKOEK & MAALVLEIS WEGNEEM-ETE
## VRYDAGMIDDAG/AAND, 28 MAART

Ondersteun asb. die eerste fondsinsameling vir die jaar.
Kaal vetkoek @ R15 en Vetkoek met maalvleis @ R35
Gebakte sjokoladepoeding met vla @ R20

SKENKINGS NODIG: Onder andere maalvleis, gevriesde groente, meel, olie, eiers, kakao, botter en vla. Kan jy dalk help om van die maalvleis gaar te maak?
KONTAK: Yolandi@nghottentotsholland.co.za of 021 852 5004




- Akkommodasie in huisies of jou eie tent/karavaan
- Koste beloop R200 per persoon vir die naweek
- As jy dalk net Vrydagaand of net Saterdagaand kan saam kuier sal dit steeds lekker wees om jou daar te hê
- Sondagoggend se erediens is vir enige iemand - al kan jy dalk nie die naweek saam kamp nie
- Bespreek asb. vroegtydig, sodat ons die reëlings kan finaliseer: Yolandi@nghottentotsholland.co.za

## Ficusbome op die kerkterrein

(langs die sypaadjies in Pleinstraat en Cloetenbergweg).

Hierdie bome het oor die jare kenmerkend geword van ons kerkterrein, gee skaduwee, en skep ook 'n plek waar ons op Sondae kan teedrink en kuier. Tog skep hierdie bome ongelukkig ook 'n al-hoe-groter-wordende probleem. Die wortels lig die paadjies op. Dit het tot gevolg dat die sypaadjies ongelyk is en 'n val-risiko word en rig ook skade aan die gebou en die besproeiingstelsel. Daarmee saam maak die vallende vruggies toegang tot die saal en kantoor moeilik. Dit ruik sleg, en mense trap dit in die gebou in. Ons kan nie voorbly om die paadjies skoon te hou nie. Daarom het die kerkraad besluit om hierdie bome stelselmatig te vervang met nuwe en inheemse bome. Hierdie is nie 'n besluit wat ligtelik geneem is nie en ook nie 'n projek wat in een slag gedoen kan word nie, Die gedagte is om te begin om die bome by die paadjies eerste te vervang.
Gemeentelede word genooi om hulle raad en mening hieroor met die Kerkraad te deel. Gesels direk met 'n kerkraadslid, of stuur jou boodskap per e-pos, bring dit self na die kerkkantoor, of kom gesels Dinsdagaand daaroor wanneer jy kom kuier saam met die dominees.